Die probleem met Godsdiens.

Teks: Daniël 6: 1 - 29
Teksvers: Daniël 6: 6, 27

1. Inleiding

Het ons nog Godsdiens nodig vandag? ’n Baie relevante vraag om te vra in hierdie moeilike tye. Wanneer ons na die ekonomie en hulpbronne kyk sien ons probleme. Die lewe in die onmiddelike toekoms gaan moeilik wees. Ek gaan alles moet sny tot op die been om net te kan oorleef. En dit is in hierdie moeilike situasie wat die vraag gevra word. Is Godsdiens en die kerk van die Here nog nodig?

Want skielik in hierdie pandemie omstandighede is daar ook nog ’n ander risiko aan Godsdiensoefening. Dit beteken natuurlik dat ek op ’n manier myself aan ’n ekstra risiko om besmet te word gaan blootstel. Daarom sien ons dat die moderne mens, met al die uitdagings op sy lewe, dikwels nie nog kans sien vir ’n stel Godsdienstige reëls in sy lewe nie. Tog besef hierdie benadering nie die integrale rol van Godsdiens nie.

Om dit vir ons duidelik te maak, fokus ons vandag op een van die bekendste gedeeltes uit die Woord van die Here. Ja, ons teksgedeelte vandag handel oor Daniël in die leeukuil. Maar ons wil vandag spesifiek fokus op die rol van Godsdiens in die lewe van Daniël. Maar dan ook nie net in sy lewe nie, ook in die lewe van die mense rondom hom.

Daniël 6 sluit dan ook aan by veral Daniël 3 wat ons laas Sondag in die leerprediking behandel het. As ’n geheel is daar ook baie raakpunte tussen Daniël 3 en Daniël 6. Tog het ons vir koning Darius en nie Nebukadnessar nie. En uiteindelik ook vir Daniël en nie net sy drie vriende nie. Kom ons gaan leer oor Godsdiensbeoefening by die man wat se naam letterlik beteken “God is my regter”.

2. Die probleem met ware Godsdiens

In die begin van ons teksgedeelte is dit Daniël se geweldige vooruitgang wat die jaloesïe van sy eweknie uitlok. Die feit dat Darius hom bo-oor alles in die land wil aanstel. Ja, natuurlik ook selfs oor hulle. Dit veroorsaak dat hulle begin planne beraam om vir Daniël uit die pad te ruim. Maar dit is net hier waar die probleem met ware Godsdiens, absolute waarheid bo alles in skop. Ware Godsdiens is soveel meer as net ‘n uur of twee ‘n week se toewyding aan die saak. Ware Godsdiens het bepalings en standaarde wat ‘n mens se hele lewe deurweek.

Ons sien dit in vers 5 en wanneer hierdie teenstanders vinnig besef dat hulle nie enige werk wat Daniël verrig in slegte lig sal kan stel nie. Maar dit is mos uiteindelik net die diens gedeelte van Godsdiens. Die diens gedeelte van ware Godsdiens wat selfs tot voordeel van mense wat dit nie eers navolg nie, strek. En dan die eeue oue beweging wat ons steeds vandag sien. Dit is met respek gesê, om God en diens van mekaar te skei in terme van Godsdiens. Ons ken vandag hierdie lyn van argumenteer goed. Daar waar gesê word dat die goeie dade van mense nie gekoppel is aan hulle spesifieke Godsdiens nie.

Dit is dan ook net presies hier waar hierdie mense vir Daniël in die hande gaan kry. Hulle gaan iets godsdienstig teen hom inbring. Hiervoor moet hulle ’n nuwe godsdiens skep. Hulle moet die mens vereer want dit sal uiteindelik sorg dat daar nie plek is om die Here ook te aanbid nie. Die aanbidding van die Skepper sal verruil word vir die aanbidding van die skepsel. En dan wanneer hulle hierdie konsep godsdiens voor koning Darius gebring word, is hy spoedig ’n navolger.

Want dit is dan ’n Godsdiens waar hy self op die troon kan sit en aanbid word. Hier in vers 9 en 10 dink hy nie aan die nadele wat dit vir sy getroue volgeling Daniël sal inhou nie. Ware Godsdiens uitlewing skep ’n gunstige omgewing rondom dit, die probleem vir die ongelowige is net dat ware Godsdiens die aanbidding van God alleen vra, en geen plek het vir mens aanbidding en ongeregtigheid nie.

3. Ware Godsdiens beoefening ondanks

Maar dan ontmoet ons vir Daniël. Sy perfekte lewe is in vers 11 besig om uit mekaar te val. Maar dit is Daniël se gesindheid wat ons opval. Hy begin nie met ’n groot worsteling met die Here nie. Nee wat Daniël se Godsdiensbeoefening betref sien ons eintlik dat hy gewoon voortgaan. Hy doen veral drie dinge in sy dakkamer met die verlange na Jerusalem en die tempel. Hy prys, aanbid en bedank die Here in vers 11. Duidelike geloofsbeoefening van ’n swakkeling mens wat maar net die genade van die Almagtige kan afsmeek.

Tog is daar natuurlik iets dieper in Daniël se geloofsbeoefening in hierdie gedeelte. Hy doen presies wat Hy nie mag doen volgens die koninklike bevel. Dit lyk of Daniël eintlik so reg in die hande van sy teenstanders inspeel. Want hulle staan as ’n ware voor die deur van sy binnekamer en wag op hierdie oortreding van die verbod wat hulle laat opstel het. ’n Mens wil amper vra hoe kan Daniël so dom wees.

Maar dan die eintlike openbaring ook in hierdie teksgedeelte. Soos in Daniël 3 is ons weer terug by die saak van ’n Verlosser. Of eerder die vraag of Koning Darius of die Here as Verlosser aanbid moet word. Die hartseer in die saak is dat selfs al wil Darius vir Daniël verlos in vers 15, het hy nie die vermoë nie omdat hy gebind is aan die wet van die Meders en Perse.

Maar die Here die almagtige wys eintlik vir ons Sy mag. Hy het die mag om die bekke van die leeus toe te sluit in vers 23. In die woorde van 1 Petrus 5: 8 tot 9 Bly Daniël standvastig in die geloof en staan die duiwel teë, die duiwel wat rondloop soos ’n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind.

Die hoop van koning Darius dat Daniël se God hom sal verlos word bewaarheid in vers 22. Soos ons is Daniël ook al reeds hier in die Ou Testament verlos in die volmaakte offer van ons Here Jesus Christus aan die kruis. Daar waar Hy ook die brullende leeu oorwin het. Net deur hierdie verlossing alleen kan Daniël ook die woorde in vers 23 uiter: “ Want God het bevind dat ek nie teen Hom oortree het nie. Ook teenoor u het ek niks verkeerds gedoen nie, U Majesteit. Ware standvastige Godsdiens beoefening ondanks hoe die wêreld ook rondom hulle woel.

4. Die regmatige plek van ware Godsdiens

Maar waar pas ware Godsdiens dan in die wêreld wat ons vandag beleef in. Vir Daniël is dit duidelik die hoogste gesag wat alles bepaal en regeer. Maar soos ons sien is Darius aanvangklik nie oortuig nie. Die Here bly vir Hom die God van Daniël, en hy as Meder het ander gode en bepalings. Ons sien dit duidelik wanneer dit by die wet van die Meders en Perse kom wat Hy nie wil herroep in vers 15 nie. Ja, hy wil nie vir Daniël in die leeukuil gooi nie maar kan nie optree teen die bepalings van sy mense nie.

Tog is dit alreeds in vers 13 en 14 wat hierdie teenstanders se plan aan die koning duidelik word. En dit is duidelik ’n plan van ongeregtigheid. ’n Plan om eintlik net vir Daniël uit die weg te ruim. Daarom ’n plan, ’n slinkse plan om ware Godsdiens uit die weg te ruim vir eie gewin. Maar dan sien ons juis ook in vandag se teksgedeelte dat die mens en enige ander godsdiens of ideologie net

eenvoudig nie opweeg teen die Here nie. Want in vers 17 gee Darius nie om oor enige wet van Mede of Perse nie. Hy moet hierdie boosheid uitroei uit sy koningryk. En daarom word hierdie ander mense in die leeukuil gegooi.

Vandag is die dieselfde waar ons leef en werk. Die wêreld rondom ons skroom deesdae nie om Godsdiens belaglik te maak nie. Om duidelik die probleem met Godsdiens vir ons te probeer uitwys nie. Tog kan die wêreld rondom ons ook geen ander beter verlosser aanbied nie. Want selfs die mediese wetenskap, wat die mens gedink het in ’n moderne wêreld sal ons van alles kan verlos, selfs dit kan ons nie eers van ’n griepvirus verlos nie.

Maar ook vir ons vandag is daar die genade van die enigste ware Godsdiens. Daardie voorreg om in ’n persoonlike verhouding met die Here die almagtige te kan leef. Maar ook in om in streng navolging daarvan die wêreld rondom my ’n beter plek te maak. Die regmatige plek van ware Godsdiens is eerstens verhef bo enige iets anders in my lewe. Maar dan ook oorkoepelend oor my hele lewe, soos wat niks anders kan of behoort te wees nie.

5. Slot

Ons kan afsluit deur met die volgende. Alhoewel dit natuurlik gevaarlik is om enige iemand anders as die Here, ja selfs uit die bybel voor te hou vir navolging, leer ken ons vandag vir Daniël. En die volgende aspekte uit Daniël se lewe is werklik navolgingswaardig.

Eerstens sy totale toegewydheid aan geloof. Sy praktiese uitleef van Sy Godsdiens aan die Here die almagtige. Wat die wêreld en selfs die ongelowiges rondom hom seën. Vandag ook in ons lewe moet Godsdiensbeofening nie net die sentrale nie, maar ook die oorkoepelende plek in ons lewens hê.

Die tweede aspek is sy toewyding en volharding, selfs in swaartye. En die wat seker vir ons die duidelikste uitstaan is dat Daniël voortgaan met sy gewone Godsdiensbeoefening. Daar is nie ’n spesiale ketting gebed of biddag in hierdie krisis tyd nie. Daniël leef elke dag sy Godsdiensbeofening uit. Ten volle uit en daarom kan hy net daarmee voortgaan.

Laastens is die impak op die regeerder wat bo-oor hom heers. Koning Darius besef al vroeg in ons teksgedeelte dat daar iets anders aan Daniël is. Maar aan die einde kan Hy nie anders as om die almag van die Here te verklaar nie. En hy doen dit dan selfs in skrywes aan die hele wêreld

Maar uiteindelik is die les wat ons uit hierdie bekende teksgedeelte vandag neem. Dat die enigste ding wat die wêreld fout moet kan vind in ons lewens, is die uitlewing van ware Godsdiens. Die eer en verheerliking van die Here die almagtige alleen. Want selfs al vind ’n moderne wêreld fout daarmee strek dit tog uiteindelik ook tot hulle voordeel.

Amen